Paraatheid Gr 6 (b)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

Met kennis en vaardigheid toe te rus om in noodsituasies korrek op te tree.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Bewus wees van die gevare wat die volgende inhou:
   - Telefoon en voordeurklokkie
   - Vreemdelinge op straat.
   - Verkeerde maats.
2. Weet wat om te doen:
   - As hy vasgevang word in 'n brandende huis.
   - Tydens 'n natuurramp soos ‘n aardbewing, oorstroming of tsunami.
   - Tydens 'n bomaanval.
   - Tydens 'n ontvoering/kaping.
   - Ingeval van molestering.
   - Tydens 'n skietaanval.
3. Weet wat om te doen:
   - Wanneer hy in die stad of veld verdwaal het.
   - Wanneer alle elektrisiteit skielik afgesny word.
   - Wanneer hy 'n vuurwapen moet hanteer (nie skiet nie).
4. Die volgende kan doen:
   - Noodvoorraad kan pak as 'n huis skielik ontruim moet word.
   - Weet hoe om noodseine te gee met 'n flits of 'n fluitjie.
   - Ligte brandwonde behandel.
5. Die volgende met vertroue en kennis prakties kan hanteer:
   - Gasstofie en gaslig.
   - Brandblusser.
6. Besef wat die waarde van die volgende tydens noodsituasies is:
   - Beheer behou oor jou emosies.
   - Die hantering van kritiek tydens 'n krisis.
   - Die hantering van konflik tydens 'n krisis.
   - Kalmte en logiese denke.
   - Die krag van gebed.
7. Die gelykenis van die tien meisies lees en die volgende bespreek: (Matteus25:1-13)
   - paraatheid aan hand van die Bybel.
   - hoekom daar ‘n lampie op die kenteken is.

C AANBIEDING

1. Lig die kind in sonder om paniek te saai oor die gevare wat elkeen van die situasies inhou. Gesprekvoering sal hier goed pas mits die Offisier deeglik voorbereid is.
2. Gee aan die kind raad oor wat hy moet en wat hy nie moet doen nie. Dit is raadsaam om eers met die ouers te skakel voordat die onderwerpe in vereistes 2.4 tot 2.6 aangebied word. Kry veral vir hierdie drie onderwerpe 'n kenner.
3. Vertel wat om te doen. Gee praktiese wenke vir optrede in die verskillende gevalle. Wat vereiste 3.3 betref moet byvoorbeeld die hanteer, dra en aangee van 'n vuurwapen demonstreer word. Die kind moet sy vrees vir 'n wapen oorwin sonder om gerus te word.
4. Praktiese optrede moet hier beklemtoon word. Seine moet prakties geoefen word deur elke kind, sodat hy dit met gemak kan doen. Noodhulp moet prakties gedoen en nie net verduidelik word nie.

5. Die inligting word in gesprekvoering oorgedra. Gebruik 'n kenner om met die span te kom gesels.